Oordenking
10 Februarie 2010.

Vier GROOT sake in die Christenlewe.

Vir die werklike belangrike of groot sake in die lewe van ’n Christen – hoef ons nie verder te soek as die volgende nie:

Die GROOT opdrag:
Mat. 28: 19 & 20: **GAAN** dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
Die GROOT gebod:
Mat 22: 37 en 38: Jy moet die Here jou God **LIEFHÊ** met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste **LIEFHÊ** soos jouself.
Die GROOT belofte:
Hand. 1: 8: Julle sal **KRAG** ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees.
Die GROOT uitnodiging.
Johannes 7: 37: As iemand **DORS** het, laat hom na My toe kom en drink! Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Dors Christene wat nie doelgerig vir die Here lewe nie, kan niks in die Koninkryk van God uitrig nie. Wat is die waarde daarvan om jou ’n Christen te noem en jy bly geestelik armoedig?

God het die voedsel en drank voorsien, deur Jesus Christus.
Hy het die groot avontuur gegee, om na al die nasies toe te gaan om sy Goeie Nuus oor te dra.
En terwyl ons in die krag van die Heilige Gees vorentoe beweeg in sy werk, verdwaal ons nie, want die kompas van die liefde hou ons op die regte pad.

Daar is geen rede meer vir slawerny, ongehoorsaamheid, swakheid en onvrugbaarheid nie. Daar is vryheid, verlossing en vervulling in ons lewe vir Christus, deur die krag van die Heilige Gees.

Die Lydenstyd is naby – ’n tyd van gebed en nadenke oor die **GROOT** offer van ons Heer. Mag dit ’n seisoen wees wat gevul is met hemelse seëninge en inspirasie vir ons lewe elke dag!
Die Koninkryk van God het naby gekom. Die tyd het aangebreek.
Gaan in, met vreugde en danksegging!